



GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM (IF) VAN DIE UNIVERSITEIT SELLENBOSCH

1. Oogmerk

Die Gedragskode vir IF-lede (hierna "die Gedragskode") het ten doel om ter aanvulling van tersaaklike voorskrifte van die Wet op Hoër Onderwys, No. 101 van 1997 (hierna "die Wet"), en die Statuut van die Universiteit Stellenbosch (hierna "die Statuut") en met inagneming van die King III Kode (King Code of Governance Principles for South Africa 2009) -

- 1.1 riglyne vir die optrede van IF-lede daar te stel;
- 1.2 die verbintenis van IF-lede tot die Universiteit te bevorder en die beeld van die IF te verbeter.

2. Toepassing van die Gedragskode

Die bepalings van die Gedragskode is van toepassing op lede van die IF sowel as persone wat in 'n ondersteunende of adviserende hoedanigheid aan vergaderings van die IF deelneem.

3. Optrede in beste belang van die Universiteit

IF-lede moet akademiese vryheid aan en die institusionele onafhanklikheid van die Universiteit erken en respekteer en deurgaans in die belang van die Universiteit handel en nie in dié van spesifieke persone of belangegroepes nie.

4. Die goeie naam en reputasie van die Universiteit

IF-lede moet die goeie naam en reputasie van die Universiteit handhaaf en hulle in die besonder weerhou van openbare uitsprake wat willens en wetens of nalatig die strekking en implikasies van beleide, besluite en programme wat die US ingestel het, wanvoorstel.

5. Konflik van belange

5.1 IF-lede is ten alle tye verplig om enige direkte of indirekte belang (ekonomies of andersins) openbaar te maak.

5.2 IF-lede mag slegs deelneem aan 'n bespreking of stem oor 'n saak waarin hy of sy 'n regstreekse finansiële of ander ekonomiese of persoonlike belang het indien die IF-lid vooraf die aard en omvang daarvan geopenbaar het en die verlot van die vergadering ontvang het om, na gelang van die geval, aan die bespreking deel te neem of te stem.

6. Kommunikasie van IF-besluite

Die Voorsitter van die IF (of sy of haar gedelegeerde) is die segspersoon van die IF vir doeleindes van kommunikasie van IF-besluite.

7. Vertroulikheid

IF-lede mag nie vertroulike IF-dokumente en -besprekings aan 'n buiteparty openbaar nie.

8. Inmenging met universiteitsbestuur

IF-lede mag nie ampshalwe direk of indirek inmeng met die bestuur of die administrasie van die Universiteit of poog om instruksies aan enige werknemer van die Universiteit te gee nie.

9. Vergoeding van IF-lede

IF-lede is, afgesien van die verhalings van redelike onkoste aangegaan om vergaderings by te woon en ander verpligtinge na te kom, nie geregtig om uit hoofde van hul amp enige voordeel, finansiël of andersins, te ontvang nie.

.

10. Vergaderings

IF-lede moet te alle tye -

- 10.1** vergaderings van die IF of sy subkomitees waartoe die lid benoem of verkies is bywoon of vooraf verskoning indien by die Sekretaris van die IF indien hy of sy nie daartoe in staat is nie;
- 10.2** hoflik teenoor ander IF-lede optree;
- 10.3** die prosedure wat tydens IF sittings geld, eerbiedig; en
- 10.4** goed voorbereid vir vergaderings wees ten einde aktief te kan deelneem aan die besprekings van die IF.

11. Regte van IF-lede

IF-lede het 'n aanspraak -

- 11.1** om vroegtydig van alle tersaaklike inligting voorsien te word ten einde 'n ingeligte besluit te kan neem;
- 11.2** op spreekbeurt in die IF soos gereël deur die Voorsitter ingevolge billike en aanvaarde praktyk; en
- 11.3** om akademiese vryheid en die Universiteit se outonomie te verdedig, onderhewig aan die bepalinge van die toepaslike landswette.